



Die

Wapad



DIE OU MUTUAL
bied u die
beste in
Lewensversekering
SAM 1965

JAARGANG XX

WOENSDAG 26 MEI 1965

NR. 6

OFFISIELE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.

STUDENTE SPREEK MENINGS UIT OOR

HOOFLIGGAAM BESPREEK

Indien die vergadering van die voorsitters van sosiaal-akademiese verenigings en lede van die Studenteraad as maatstaf geneem kan word, lyk die kans vir die daarstelling van 'n vyfde hoofliggaam vir die verenigings besonder rooskleurig. Die vergadering het Donderdagaand plaasgevind met mnr. Fanie du Plessis en Roelf du Plessis as verteenwoordigers van die S.R. 'n Aspek wat duidelik op die voorgrond getree het was die praktiese toepassing en probleme wat oorbrug moet word alvorens die verenigings onder patronaat van die S.R. kan kom. Die Studenteraad sal weer die saak bespreek en later 'n tweede vergadering belê.

P.U.-ONTWIKKELING

DIE geweldige uitbreiding wat vir die P.U. beoog word, gaan beslis 'n invloed uitoefen op die karakter en die wese van die universiteit. Dié mening is deur die meeste studente in onderhoude uitgespreek na aanleiding van die aankondiging deur die Rektor, prof. H. J. Bingle, dat R10-miljoen se ontwikkeling in die vooruitsig gestel word.

Ten einde die studente se gevoel oor hierdie saak te toets, is 'n steekproef deur Die Wapad onderneem en is die volgende vraag gestel: Dink u dat die uitbreiding van die universiteit, en veral die noodwendige toename in studentetalle, die gees en die karakter van die universiteit sal beïnvloed?

Verskeie lede van die Studenteraad, waaronder mnr. Dries Coetzer, Roelf du Plessis en Kobie van der Walt, het gesê dat die vermeerdering van studentetalle nie noodwendig die karakter negatief sal beïnvloed nie. Mnr. van der Walt het daarop

gewys dat die universiteit moet uitbrei, veral op mediese, ingenieurs- en sielkundige vlak. Hy wil ook graag meer Christelike sielkundiges sien.

KLEINHEID

Mnr. Coetzer het gewaarsku dat studente nie die gevaar moet sien in die wegval van die kenmerkende „kleinheid” van die universiteit nie, maar dat die student bewus gemaak moet word van die Christelike karakter wat die karakter kenmerk. Dit is ook die plig van die universiteit om die Christelike wetenskap op alle terreine en dus ook aan so 'n groot groep moontlik oor te dra, het mnr. Du Plessis gesê. Die verantwoordelikheid om die nodige vitaliteit aan die dag te lê tot uitbouing van die karakter sal egter op die kerngroep van die studente val. Hierdie Christelike aard van die universiteit sal deur die Raad en die Senaat, as bevoegde organe, gehandhaaf word.

BEWUS

Mnr. Koos Roos, student in die Regte, het hom hierby aangesluit en gesê dat die owerheid van die probleem bewus is, soos die aanstel van voorgedoseerde getuig. Hy glo dat die hele ontwikkeling sal geskied met die oog op die handhawing van die karakter.

Mej. Cecile Schutte, damesvertegenwoordigster op die Studenteraad, het gesê dat studente van verskillende lewenshoudings van die nabygeleë dorpe na die Puk sal kom wanneer veral rigtings soos medies en ingenieurswese ingestel is, bloot omdat die P.U. nader is en nie omdat hulle die beginsel van die universiteit onderskryf nie.

Mnr. Danie van Wyk het die mening uitgespreek dat studente gekeur moet word sodat 'n sterk klein groepie Christenwetenskaplikes opgelei kan word wat die karakter van hierdie universiteit kan uitdra.

NADELIG


Die vermeerdering van studentetalle gaan beslis die karakter nadelig tref, het mnr. Gerhard Scholtmeijer gesê. Die student gaan meer daarop ingestel wees om sy plek as individu in 'n

onpersoonlike massa te probeer vind. Koshuise gaan so groot word dat die „koshuisgees” gaan verdwyn en klein groepies gevorm sal word wat sal aansluit by 'n kosmopolitiese invloed op die kampus.

Die voorsitter van die plaaslike A.S.B.-tak, mnr. Jan Bradley, het gesê dat die gesonde verhouding tussen student en dosent sal verdwyn, asook die doeltreffende invloed van die konserwatisme. Hy het daarop gewys dat die Raad en die Senaat wel die riglyne trek vir die daarstelling van 'n Christelike karakter, maar dat die studente daarin moet beweeg en dit moet uitbou. Met verskillende klein groepies andersdenkendes sal so iets beswaarlik moontlik wees, het hy gesê.

Mnr. Joe van der Walt, 'n finalejaar Apteker student, het hom ook by die groep geskaar wat van mening is dat die gees nadelig beïnvloed sal word, omdat daar minder gemeenskaplike belange sal wees wat 'n intieme kontak kan bewerkstellig. Mnr. Ben Vorster, 'n derde jaar B.Sc.-student het gesê hy onderskryf die mening van mnr. Van der Walt, maar het in ligter trant bygevoeg dat daar een voordeel in die vermeerdering van studente sal wees, naamlik dat baie meer dames op die kampus opgemerk sal word.

Die voorsitter, mnr. Fanie du Plessis, en die sekretaris van die S.R., mnr. Pieter van der Walt, wou geen kommentaar uitspreek nie.



MNR. PIETER V.D. WALT

Studenteraad ken beurs toe

Die Abe Baileybeurs vir 1965 is deur die Studenteraad aan mnr. Pieter van der Walt toegeken. Mnr. Van der Walt vertrek aan die einde van die jaar na die buiteland saam met ander beurshouers van die verskillende Afrikaanse en Engelse universiteite.

Mnr. Van der Walt is tans eerstejaar teologiese student en dien as sekretaris op die Studenteraad.

Die beurs is oorspronklik aan mnr. Dries Coetzer toegeken, maar hy kon dit nie aanvaar nie.

Skoolhoof vir beplanning

Mnr. C. J. Reinecke, hoof van die Hoërskool Ermelo, is aangestel as Assistent-direkteur van Ontwikkeling en Beplanning aan die P.U. Hy sal in Junie diens aanvaar.



'n Reliëfborsbeeld van wyle dr. F. J. du Toit wat in die nuwe gebou vir Lettere en Wysbegeerte aangebring is. Die eerste dosente en studente het reeds Maandag hulle intrek in die gebou geneem.

Foto: Fotokuns

KONFERENSIE SAL NIE MEER PLAASVIND

„Die beoogde inter-studentekonferensie is van die baan”, het mnr. Fanie du Plessis, S.R.-voorsitter van die P.U., in 'n onderhoud gesê.

Die doel van die konferensie was om sake van algemene studentebelang te bespreek, en sou op die P.U. kampus gehou word. Mnr. Du Plessis het gesê dat hy 'n brief van mnr. Eddie Webster, S.R.-voorsitter van Rhodes, ontvang het waarin dit gestel word dat die Engelstalige universiteite nie die konferensie kan bywoon

alvorens die nie-blanke universiteitskolleges nie ook uitgenooi word nie.

Mnr. Du Plessis het gesê dat dit beslis jammer is dat die Engelse universiteite nie hulle weg kon oopsien om saam met die Afrikaanse universiteite te konfereer in die afwesigheid van nie-blanke verteenwoordigers nie.



In 'n reklamerolprent wat tans van die P.U. gemaak word sal tonele soos hierdie gesien word. Die foto is geneem tydens die bekende „Om d'e kampus-fietsreisies”. 'n Span van Teologiese-studente het gewen.



Dié vier bekende kunstenaars het op 7 Mei in 'n uitvoering van die Collegium Musicum in die Konserwatoriumsaal opgetree. In die gewone volgorde verskyn: mej. A. Schulenburg, D. Ochse, mej. S. Sauerman en A. Solomon.

VERWAG BAIE VAN VOLKSPELERS OP KUNSFEEES

Die A.S.B.-kunsfees vind vanjaar van 5 tot 9 Julie by die Heidelbergse Onderwyskollege plaas. Die P.U. hoop om soos gewoonlik weer goed verteenwoordig te word.

Die hoogste verwagtinge lê bepaald by die Volkspellelaer. Dié groep volkspelers het al deur die jaar by hule gereelde oefeninge gewys waartoe hule in staat is. Vir die volksang het ook 'n groep Pukke ingeskryf.

JAMMER

Dit is jammer dat daar nie 'n

skaakspan gaan om die Puk te verteenwoordig nie, want tot dusver het dit gelyk asof die belangstelling en talent nie ontbreek nie.

Die A.B.K.K. is bereid om persone wat die Kunsfees wil bywoon, geldelik te steun, het mnr. Nico van der Merwe, die voorsitter, in 'n onderhoud gesê

PUKKE IN DIE KUNSWERELD

REEDS op die besonder jeugdige ouderdom van dertig jaar is André P. Brink 'n briljante skrywer, van wie dertien boeke al in druk verskyn het. Sy Lobola vir die Lewe word beskou as die belangrikste kentering in die Afrikaanse letterkunde.

TWEE MEESTERSGRADE

Hy het sy B.A.-graad (met Afrikaans, Engels en Geskiedenis as hoofvakke) aan die P.U.K. behaal. Later voeg hy Frans by sy kursusse, behaal sy U.O.D., en ook sy meestersgraad in Engels. Sy M.A.-verhandeling in Afrikaans handel oor Germanicus en die Tragedies van Shakespeare.

In 1959 vertrek hy na Frankryk, waar hy twee jaar lank letterkunde aan die Sorbonne in Parys bestudeer. Hy deurreis feitlik die hele Europa, veral Frankryk, Spanje, Italië en Portugal.

André Brink is tans een van

die redakteurs van die tydskrif Standpunte.

Mnr. Brink is tans dosent in Afrikaans aan die Rhodes Universiteit te Grahamstad. Dit is later gepubliseer as Orde en Chaos.

BESTE WERKE

'n Aantal van sy beste werke is: Caesar ('n versdrama waarmee hy die Eugène Marais-prys verower het; in 1961, Lobola vir die Lewe (1962), Potpourri (1962), Sempre Diritto (1963), Die Ambassadeur (1963, wat hy self in 1964 in Engels vertaal), en Orgie (1965).



Gaan die volkspelers weer so maak? Die groep op die foto het tydens verlede jaar se A.S.B.-Kunsfees met die louere wegge-loop en is hier besig met 'n vertoning in die Totiussaal.

SKAAKKLUB BESLIS NIE MAT VANJAAR

Vir die tweede agtereenvolgende jaar het Uitspan as oorkonkwinners uit die inter-koshuisskaakliga getree. Heimat A was tweede en Dawie Dup derde.

ANDER LIGAS

Die Potchefstroomse skaakliga word tans deur die P.U.-skaakklub gereël en dié klub hoop om ten minste twee of drie spanne vir die liga in te skryf. Daar is verder wedstryde vir die jaar teen Heidelberg, Tuks, N.K.P. en die Goudstadse Onderwyskollege gereël.

Die bestuur wil langs hierdie weg alle deelnemers bedank vir hulle mooi samewerking en ondersteuning in dié verband. Die spel was deurgaans van hoë gehalte en die goeie gees wat de-

Hoe dikwels hoor ons nie iemand smalend van 'n kunstwerk sê: „Wat is dit nou eintlik veronderstel om te wees?”

Hierdie houding is niks anders as 'n onbewuste erkenning van die uiterste onkunde van die beginsels van die kuns. Waar kom die idee vandaan dat 'n kunstwerk altyd iets moet oordra, iets moet voorstel, iets moet weergee? Dit is nie altyd nodig nie. Kuns kan iets heeltemal op sy eie wees; 'n skoonheid wat alleen skoon is en niks anders nie.

René Huyghe beskryf die geskiedenis van die Wes-Europese kuns as 'n reeks episodes waarin die kunstenaar met die werklikheid gekonfronteer word, episodes van „die worsteling van Jakob met die Engel, waar die kunstenaar Jakob en dié Engel die werklikheid is.”

Hieruit kan ons aflei dat die werklikheid altyd baie na aan teenwoordig is, maar tog nie gedurig uitgebeeld word nie. Sover dit kuns betref word daar

weliswaar heel dikwels gestreef om iets werkliks weer te gee, of die een of ander skoonheid in die natuur uit te beeld.

Daar is baie skone dinge soveel wonderlikhede in die skepping wat nie presies weergee kan word nie; is hierdie dinge nie kuns nie, nie kuns waardig nie?

Natuurlik is dit onsin! Omdat dit in die Surrealisme wesenlik nie meer daarom gaan om kunstwerke voort te bring nie, maar om die nie-onthulde en ononthulbare deel van ons wese te belig, waar alle skoonheid, alle geliefde, alle deug wat ons nouliks ken, met intense gloed straal,” is die Surrealisme geen aanvaarbare kuns nie? Almal weet immers dat dit nie so is nie.

Hier is die uitgangspunt dat die gees, terwyl dit in die onderbewuste verkeer, die geheime trillings van daardie lewe soos 'n kardiograaf registreer; die kunstwerk voer, volgens die Surrealists, 'n eie bestaan van binne uit. Hier kan dit byna vergelyk word met die Ekspressionisme, wat een van die belangrike versuiminge teen die verslaafdheid aan die uiterlike werklikheid was.

Seker die belangrikste kunsrigting, die uiteinde van al die rigtings wat in opstand gekom het teen die sogenaamde verslaafdheid aan die uiterlike werklikheid, is die abstrakte of non-figuratiewe kuns. En dis juis hier waar ons die meeste sondig; waar dit die duidelikste blyk dat ons nie werklik weet dat kuns dikwels kuns IS deur bloot kuns te wees nie.

In Engels is daar 'n beter uitdrukking „Art for the sake of art.” Menige abstrakte werk is in sy lynespeel 'n worsteling van kragte; roep in sy kleurharmonieë gevoelstoestande op, maak ons bewus van ons onbewuste en die beoering daar; menige werk bevredig of boei ons as die oplossing van 'n plastiese probleem.

DIT IS KUNS

Maar nog is dit nie die werklikheid nie. Is dit daarom geen kuns nie? Natuurlik is dit kuns!

Hoe gouer ons veral die Afrikanervolk wat alte dikwels trots is op hul weiering om enigiets wat nuut is te aanvaar) besef dat daar meer skone dinge, meer kuns is as wat ons kan sien en aanraak, hoe voordeliger sal dit vir die gees van ons kultuur wees. Vernuwung is nodig, maar vernuwung sonder aanvaarding is nutteloos. Onwilligheid om die nuwe te aanvaar kan heel dikwels op 'n enghed van gees dui.

(H.M.)

BEATLES!

Die feit dat die Beatles vandag as Members of the British Empire aangespreek kan word het skynbaar nie veel indruk by Uitsaalhuis, soos tewens op baie ander plekke in die wêreld, gemaak nie.

Mnr. Pieter de Bruyn het Woensdag in sy toespraak voor die A.S.B. (sien elders) gesê dat die Afrikaanse senter nie musiek van die Beatles uitsaai nie en trots daarop is. — O.D.

Studente nie vertrou met beeldende kunste

„Blykbaar is die studente nog nie heeltemal vertrou met die idee van 'n vereniging vir beeldende kunste op die Puk nie”, het mnr. Arrie de Raadt, voorsitter van hierdie vereniging, in 'n onderhoud gesê.

By twee geleenthede wat daar byeenkomste gereël is, het min belangstellendes opgedaag. Mnr. de Raadt het gesê hy vra homself die vraag af of studente hulle nie te veel verlaat op die akademiese of professionele sy van die beeldende kunste nie, in plaas van aandag te gee aan amateurskuns -en wel die beoefening van die

kuns self. Die student moet nie die idee kry dat slegs beroepskunstenaars die kuns met sukses kan beoefen nie.

Die Vereniging vir Beeldende kunste sal geleentheid bied aan die gewone student om sy talente te ontwikkel.

Belangstellendes moet met mnr. De Raadt skakel.

Cachet Modes

(EDMS.) BPK.

Tomstraat 92

Telefoon 5032

POTCHEFSTROOM

— Ons hou alles aan wat dames benodig: —

Van ditjies en datjies
en rokkies en frokkies,
Tot jassies en rokkies.

Wasgoedsakke verdwyn -- en verskyn klokslag

Deur 'n Verslaggewer

KLOKSLAG elke Maandagoggend verdwyn die studente se wasgoedsakke op strategiese plekke in die koshuise om weer net so klokslag elke Vrydag hulle verskyning te maak. Hierdie tergende probleem van die verdwyning van die Pukke se lyfbedekkings het my belangstelling gaande gemaak.

Die belangstelling vir die saak was naderhand so groot dat ek my Maandagoggendslapie ingeboet en die spoor van die bekende vaalgrys wasgoedkarretjie na die washuis agter prof. Bossie se dam, gevolg het.

MODERNE

Dit het my nie lank geneem om agter te kom dat die dam nie gebruik word om die wasgoed in draagbare toestand te kry nie maar dat mev. E. Pivas en haar personeel van 37 deur die gebruikmaking van moderne masjiene hiervoor verantwoordelik is.

Volgens mev. Pivas het die washuis met 'n enkele ou klein masjientjie begin maar het sake so uitgebrei dat daar vandag van groot moderne stoomketels gebruik gemaak word.

Die wasgoedingooiers wat dink hulle klere word somer so in

'n bondel in 'n bak stoomwater gegooi het dit ver mis. Deeglike organisasie kenmerk die gebeure in die washuis.

KWALITEIT

Maandae word die wasgoed getel en Dinsdae gesorteer volgens die kwaliteit van die materiaal en die verskillende kleure. Wanneer alles gewas en gestryk is word die klere volgens die nommerstelsel van mev. Pivas gesorteer. Die was interessant om te hoor dat die rokke van die dames met die hand gewas word en dat handdoeke altyd laaste aan die beurt kom.

Volgens mev. Pivas is dit by uitsondering dat klere soek raak en hoewel mans en dames dieselfde nommers het, het dit nog nie gebeur dat die klere deurmekaar raak nie.

NETJIES

Telwyl ek die stapels en stapels klere so g a d e geslaan het en gesien het hoe die tannies die ou sakie met mening pak, kon ek nie anders as om te dink dat my ou kleertjies in hulle week van afwesigheid in veilige hande is nie — hande wat sonder openbare erkenning of vertoon altyd gereed is om mee te help om die Pukke netjies op straat te laat verskyn.

Suurgraad van koeldrank bepaal

Koeldrankdrinkers op die P.U. het onlangs 'n weddenskap aangegaan oor die suurgraad van 'n bekende Amerikaanse koeldrank. Die wenner sou as prys 'n familie-grootte-bottel van die koeldrank ontvang.

NAVORSING

Na lange oorweging het die „navorsers“, mnre. Manie de Beer, Thomas Nelson en Hendrik Bronkhorst die Industriële Chemie-departement oorgeneem. Die resultaat van hulle maandelange navorsing was dat die koeldrank 'n pH van 2.6 het.

Hennie Bronkhorst het as oorkonkwinnaar uit die stryd getree. Hy drink nie meer die besondere soort koeldrank nie.

TOER NA S.W.A.

Die Duitse Vereniging beoog 'n toer na Suidwes-Afrika gedurende die Julievakansie.

Die koste sal R64 wees, en navrae kan by Professor Brandt gedoen word.

Inougurele rede deur prof. in Staatsleer

Die hoof van die Departement Staatsleer, prof. C. P. van der Walt, lewer op 4 Junie om 7 nm. sy inougurele rede in die Totius-gedenksaal.

Prof. van der Walt se rede sal handel oor die „Die staat en die semi-staatsinstelling: 'n vraagstuk van vryheid en beheer.“

Word dit so gemaak?



Lede van die toergroep kyk belangstellend toe terwyl die maak van bier aan hulle verduidelik word.

Foto: B. K. Hellberg

STUDENTE BESOEK NATURELLESTAT

Onder leiding van prof. J. H. Coetzee, hoof van die Departement Volkekunde aan die P.U. het sestig Pukke op Donderdag 6 Mei op 'n studietoer na Zeerust vertrek.

Die toergeselskap het op 'n trustplaas tuisgegaan en het in die loop van drie dae twee Bantoegebiede besoek. Hier is aan die studente die geleentheid gebied om die werking en organisasie van 'n tipiese naturellestat te ondersoek.

SKYNHOF

'n Interessante aspek van die stamorganisasie is deur middel van 'n skynhof aan die studente verduidelik. Daarna is op smaaklike wyse aan die geselskap ge-

toon hoe bier gemaak word en het al die studente die geleentheid gekry om die eindproduk op die proef te stel.

Na afloop van die verrigtinge, waaronder 'n besoek aan die plaaslike skool, is hulle na die huis van die kaptein geneem waar hulle op musiek vergas is.

KOPPIE


Saterdag 8 Mei het die groep weer eens 'n stat sowat 15 myl wes van Zeerust besoek, asook die sogenaamde „Vredeskoppie“. Hierdie koppie bestaan uit 'n stapel klippe wat opgerig is in die dae van die Zuid-Afrikaansche Republiek, nadat die voortdurende skermutseling tussen die Tswanagroepe en die blanke veeboere deur President Kruger beëindig is.

Die studente is bygestaan deur die Departement van Inligting en wel in die persoon van mnre. Fanie van Rensburg, wat op die oomblik besig is met sy meestersgraadstudie aan die P.U.

TOLK

Verder is van 'n Bantoevolk gebruik gemaak wat die studente in staat gestel het om alle verduidelikings van die onderskeie Bantoehoofmanne duidelik te volg.

Saterdag het die hele toergroep teruggekeer en almal was dit eens dat die toer van groot opvoedkundige waarde was.



Mev. Pivas by die eerste wasmasjiene wat gebruik is om die wasgoed te was.

Foto: Fotokuns

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid
Boeke vir Studie en vir Ontspanning

PRO REGE-PERS BPK.

„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL“

Kerkstraat 91-95

Telefoon 5236/4944

H/v. Tom en Borcherdstraat

Telefoon 3431

POTCHEFSTROOM

Studente het bejaardes ondervra

Tweede- en derdejaarstudente aan die P.U. het onlangs ondersoek ingestel na die lewensomstandighede van oues van dae binne die munisipale gebied van Potchefstroom.

Die ondersoek is geloods deur mnre. D. J. Eloff, senior lektor in Sosiologie en Maatskaplike Werk, en het bestaan uit 'n vraelys wat die studente ingevul het tydens hulle besoeke aan die bejaardes.

Die gegewens kan moontlik gebruik word in die formulering van nuwe wetgewing vir die versorging van bejaardes.



Elke Sigaret 'n Meesterstuk

In Suid-Afrika vervaardig.

SIENER?



SANSPA het vier dae voor 'n toespraak van mnr. Hamilton-Russell op Rhodes berig dat die gehoor soos een man opgestaan het (rose to their feet) om 'n mosie oor akademiese en menslike vryheid aan te neem.

Atoomkragnavorser voor Korps

„Hoewel die merr in menige opsig gebaat het by sy ontdekkings en uitvindings, het hy in 'n groot mate hooghartig geword oor sy eie prestasies”.

Dit was een van die gedagtes wat prof. S. J. du Toit, 'n atoomkragnavorser verbonde aan die Raad op Atoomkrag, uitgespreek het toe hy 'n ledevergadering van Korps V.V. op Woensdag, 5 Mei toegesprek het.

Kennis van die natuurwetenskap kan 'n Christelike geloof versterk, was 'n verdere uitstaande gedagte.

INTERESSANT

Die lesing wat prof. Du Toit, 'n oud-Puk, gehou het, het gehandel oor die ontwikkeling van die natuurwetenskap deur die eeue; vanaf die Grieke, wat die natuur buite rekening gelaat het omdat hulle sogenaamd logies wou dink, tot by die ontdekking van X-strale, radiogolwe en die atoom.

TOEPASSING

Prof. Du Toit het 'n kort toepassing genoem wat getuig van sekerheid omtrent die geloof in

Christus. Daar is 'n volmaakte wetmatigheid in die Skepping, daarom moet daar 'n volmaakte Wetgewer wees. As daar 'n Wetgewer is, kan „Hy „wette maak en ophef. God het dit op 'n gegewe oomblik gedoen en sal dit weer op 'n gegewe oomblik ophef.

Volgens prof. du Toit, dui die ontwikkeling van die wêreld ook op die einde van die wêreld: later sal daar soveel energie gebruik word dat 'n breekpunt bereik moet word.

Hy het afgesluit met die gedagte dat die gelowige in ootmoed moet werk, uit dankbaarheid vir die voorreg om God se werke te kan navors.

Groot vrolikheid by braaivleis

Die Duitse Vereniging van die P.U. het Saterdag, 8 Mei, 'n baie geslaagde braaivleis op die Oude Molen-terrein gehou. Professore en studente het vrolik saam verkeer. Gesprekke is op 'n veeltalige basis gevoer.

Na verneem word was verversings so volop dat selfs die ouens wat twee weke tevore begin vas het vir die geleentheid, baie tevrede was.

Dit blyk dat sulke gesellighede groot byval vind by die studente en dat selfs die dosente dit geniet.

GRENSNYWERHEDE SE INWYDING BYGEWOON

Die inwyding van 'n grensnywerheid vir die Tswanagroep naby Pretoria, is op Saterdag, 1 Mei deur agt studente van die departemente Volkekunde en Naturelle-administrasie van die P.U. bygewoon.

Die leier van die toer was mnr. J. J. Henning, lektor van die departement Naturelle-administrasie aan die P.U.

WAARDEVOL

Aan die studente is die geleentheid gebied om 'n begrip te vorm van die waardevolle kunshydrae van die Tswanavolk.

„Hierdie kunswerke van die Tswana sal die begin inlui van 'n bloeitydperk in hulle kuns en sal verder daartoe bydra dat die minderwaardige produkte wat aan toeriste verkoop word, ver-

Studente besoek Staatsdiens

Staatsleerstudente aan die P.U. vir C.H.O. het op Woensdag, 12 Mei, onder leiding van prof. C. P. van der Walt en mnr. J. J. van Tonder die jaarlikse uitstap na Pretoria onderneem. Waardevolle kennis is opgedoen aangaande die Staatsdiens en semi-staatsinstellings.

'n Besoek aan die Departement van Inligting was een van die hoogtepunte op die program. Films wat in die buiteland gebruik word om die beeld van Suid-Afrika aldaar te verbeter, is vertoon.

Redenaars se kompetisie afgehandel

Die eerste plek in die P.U.-Wolnitredenaarskompetisie wat op 11 Mei in die Totiusaal gehou is, is verower deur mnr. Arrie de Beer. Tweede was mnr. Willie Coetzee, en derde mej. E. Maree.



MNR. NICO V.D. MERWE

REKTOR SKETS TAAK VAN AFRIKANER-STUDENT

Die huidige statekonstellasie waarin Suid-Afrika hom bevind, stel besondere eise aan die Afrikanerstudent wat hy as taakstelling moet aanvaar, het die Rektor van die P.U., prof. H. J. J. Bingle, voor 'n vergadering van die plaaslike A.S.B.-tak gesê. Die vergadering is op 12 Mei in die Totiusaal gehou.

NEGEERBAAR

Prof. Bingle het gesê die wêreld kan vandag in drie groot groepe verdeel word waar Suid-Afrika in die derde negeerbare groep val. Vir die V.V. is Suid-Afrika 'n struikelblok in die pad van Uhuru, vir die internasionale Kommunisme 'n laaste struikelblok in Afrika en selfs vir die Weste is die Republiek 'n euwel vir wêreldvoortgang en ontwikkeling, omdat dit nie aan die eise van die sogenaamde strydery om menseregte toegee nie.

GESPLETE

Wat Suid-Afrika se posisie self betref, is die prentjie gunstig met betrekking tot sy natuurlike hulpbronne. Die land het egter nie genoeg mannekrag-potensiaal

wat van 'n land met 12½ miljoen inwoners verwag kan word nie. Ten spyte van dié struikelblok het die opvoedkundige peil van die blankes geweldig toegeneem. Dit is egter nog nie voldoende nie want Suid-Afrika moet voortdurend veg teen die buitelandse mening en die feit dat die moderne mens vandag tot 'n groot hoogte aan 'n gesplete persoonlikheid lei. Hierdie persoonlikheid veroorsaak dat die mens verskillende beginsels vir verskillende sake het, wat op sy beurt nie as geïntegreerde mens teen die eise van lewe kan optree nie.

OUD EN NUUT

Die taak van die student is om tegelyk oud en nuut te wees. Oud in die aanvaarding van die beginsels wat daarvoor verantwoordelik is dat hy is wat hy is, en nuut in die sin dat hy steeds in ontwikkeling voor moet wees.

BEGINSELS

Die belangrike aspek is egter dat die beginsels nie by die omstandighede aangepas moet word nie, maar wel andersom. Ten einde dit te verkry is dit nodig dat die studente oor die nodige kennis van die saak moet beskik, asook 'n begrip, en die beginsel belewe deur dit deel van die self te maak. Dit bring mee dat die intellek ontwikkel moet word asook die hart as setel van die gevoel en die hand as setel van die daadkrag waarmee ook geleik kan word.

Hierdie hoof, hart en hand moet aangewend word tot uitbouing van die Christelike-Nasionalisme sodat die eer van God daardeur gesoek kan word, en daarna die eer van die mens.

BEELD

Prof. Bingle het die taak toegelig deur 'n beeld van twee lyne om 'n katrol te gebruik, waar die een tou nasionalisme en die ander d'e Christelike voorstel. Indien die geloof laat vaar word sal die mens val, en indien die nasionalisme gelos word en teruggedruk word in die geloof dat die Here uitkoms sal gee, sal die mens ook tot niet gaan.

Kom sing vir die lekker - vir geld

Kom Pukke, laat ons sing, want singende studente is gelukkige mense. Maar voor ons kan sing moet ons eers daaraan dink dat 'n nuwe sangbundel met lekker studenteliedjies in die vooruitsig gestel word, omdat die oue haas uitgedien is.

In 'n onderhoud het die voorsitter van die A.B.K.K., mnr. Nico van der Merwe, gesê dat die singery ook 'n betalende besigheid kan wees aangesien konstantpryse vir die beste liedjies wat in die bundel opgeneem word, toegeken sal word.

Die beste nuut gekomponeerde liedjie met 'n nuwe wysie kan die komponis nie minder as R15 in die sak bring nie. 'n Prys van R10 word toegeken vir 'n liedjie met nuwe woorde op 'n bekende wysie. Die persoon wat die beste kreet kan saamstel is R10 ryker. Troospryse vir alle liedjies wat geplaas word beloop R20.

Wanneer u van nou of onder die stort staan en sing, op 'n 'n koue wintersaand deur u tande fluit of selfs s'ng sing deur die toetsvrae glijp, hou dit in gedagte dat die A.B.K.K. bereid is om u paar sent daarvoor in die sak te stop

vang sal word met kunswerke van hoogstaande gehalte”, was 'n gedagte oor dié volk se kuns wat deur die Minister van Bantoe-administrasie en Ontwikkeling, mnr. M. D. C. de Wet Nel, in sy toespraak kwytergemaak is.

Castle Lager is meer as verfrissend!

'n Glasvol Castle maak die lewe vrolik

Geniet dit koud!



BESOEK ONS VIR VRIENDELIKE DIENS EN MEUBELS VAN GEHALTE

TRANSVALIA MEUBELS

Tel. 2157

Kerkstraat 180

POTCHEFSTROOM

„ONS MEUBELS WORD ERFSTUKKE“

GEKUS EN GEKEUR

JA-NEE, ek het mos gesê ons gaan 'n strawwe winter hierdie jaar belewe: dis so koud dat die onkruid in prof. Bossie se jakopregop-akkers nie eers wil groei nie — hoe moet die kyse nou ontkiem? Dat die oes skraal gaan wees hierdie gety is nou eenmaal 'n feit wat ons in die oë sal moet staar. Wat my egter nog meer tot onrus stem, is die feit dat so baie kyse saam met die blare van die bome afwaai.

GELUKKIG

Gelukkig darem dat hier so 'n paar bome op die kampus is wat nie hulle blare verloor nie. As dit so aanhou, sal ek binnekort — uit vrees dat my beroemde en veelgelese rubriek gaan doodloop — saam moet sing as hulle sê:

O waar bly dan die jubelende lente-uur,
die hemelkoepel transparent en wyd,
kastailing-kandelare met hul vuur
en aarde en water se nuwe heiligheid?

Gelukkig brand daar darem voor in „die wapad” so 'n ou liggie, want as ek my reg herinner, sê hulle verder:

Maar seker sal die silwer dae kom
en nuwe kleure flikker op die land;
en oor die hemel sal die maan weer gaan
en deur d'e wynheldere nagte blouig brand.

Ek kon nog nooit verstaan waarom die mense nou juis altyd moet wag vir die lente nie: ek meen, al is dit nou net om bloot praktiese redes is die winter mos baie beter! Ek wonder of een van ons lesers dalk die antwoord op hierdie tergende probleem kan verskaf? 7c vir die beste brief. Rig u inskrywings aan:

„Lentetyd liefdetyd,”

P/a. Kaaikie,
Die Wapad.

Of as u wil aan:

„Winter wil nie werk nie,”

P/a. Kaaikie,
Die Wapad.

Hoe dit ookal sy, daar is darem 'n paar mense wat hulle deur hulle koue tone laat lei het, en daarom word hulle hier eervol vermeld:

Ansie van Ryssen is een van daardie mense wat daaraan glo om haarself te help as ander nie wil nie: as die sleepbankies te koud is, vat sy haar eie kussing saam en deesdae is sy, Jaap Hoogenboezem en die kussing dood tevrede met huleself.

Rita Combrinck het altyd toe sy nog klein was om haar ma se ore geneul: „Mamma, ek wil my poen hê,” en nou het sy haar Poen gekry in die vorm van Poen Coetzee.

BROER BOER

Mariana Louw se Broer boer op Pietersburg. Verstaan my

mooi: haar Broer, nie haar broer nie.

Ek wou julle nog vertel van Rina Vermeulen en Jan van der Merwe, maar dis glo al ou nuus nou sal ek liever vertel van Heilna Venter en Andries du Plooy. Wat wou ek nou weer van hulle vertel?

Het een van julle geweet dat Pieter Kempff koue hande het? Ek sal nie my kop op 'n blok lê daarvoor nie, maar hoekom hou hy dan Renske Sinia se hand so styf vas?

Vir die van julle wat wonder wie van Mariëtta Scheepers se vyf Duitsers gewen het: die regte een.

Is dit die koue wat vir Lasarus deesdae hier weghou? Corrie en Hannatjie het nog gedink hulle staan 'n kans.

Jeanette Swart en Pierre Joubert doen deesdae saam gim om warm te bly.

'N GROOT FOUT

Verlede keer het daar 'n groot fout ingesluip: die verlowings is agterweë gelaat, maar as hulle wil wens ons hulle hierdie keer tweemaal geluk:

Ons geagte redakteur,
mnr. Arrie de Beer,
het 'n ring gegee
aan Nicolette Coetzee.

Hettie Kruger en Louw van Wyk is ook vol planne. Dan is

Slepers van die week



Kaaikie Kekkelbek het haar vlerke uitgesprei en gaan in die toekoms nie net die slepers deur middel van die pen ontmasker nie, maar ook die kameralens op hulle gevestig hou. Die eerste slagoffers wat so blosend betrap is, is Theo Breet en Annatjie Hendriks.

Foto: Fotokuns

ek ook bly om op te merk dat die suidpool geen uitwerking gehad het op Deon Kühn se hart nie, want hy het nog skaars in die Kaap geland, of hy het vir Nelle Broodryk haar ring gekoop.

Nou-ja mense, nou het julle weer genoeg padkos vir solank.

Kyk, dit word laat, die kermis is verby,

kan jy dit nie begryp? Hier moet ons skei.

Kaaikie Kekkelbek.

Nuwe muntstukke

Die nuwe geldstukke lyk darem maar mooi; selfs Jan van Riebeeck lyk sommer splinternuut. Al tragedie is dat die vlakste kraanvoël of ding agter op die vyfsentsutk 'n sportmodel blyk te wees en die swartwildebees agter op die tweesentstuk is seker nie veel stadiger om hom uit die voete te maak nie.

Dit wil nou al vir 'n mens voorkom of dit wat voorheen 2½ sent gekos het, nou drie sent gaan kos want die tienie het mos in die slag gebly. Dan be-roof die parkeermeters deesdae ons ou volkie, want vir dertig minute moet 'n mens mos nou vyf sent opdok.

INTERTEE MET DIE OOSTE

Dawie Dup-Noord het die mense van Oosterhof een Donderdagaand vir 'n teedrink gaan haal.

Oosterhof se dames het (of moes) verbaas gestaan by die aanskoue van soveel moderne ontwikkelinge en soveel moderne dramas van hoogstaande gehalte wat voor hulle afgespeel het.

Part y dames moes seker skoon vergeet het om die geurige tee te drink en onoortreflike verversings te eet, want dis nie aldag dat 'n mens die kans kry om in die geselskap van so 'n agteruitstrewende (dis van pure vooruitstrewendheid) gemeenskap te verkeer nie.

Hawe vir gekysdes



Met die koms van die winter val die blare grondwaarts in opdrag van die geringste windjie. Deur d'e dooe blare (in letterlike sin) wandel die slepers nog geesdriftig en selfs nie die vallende blare of droë boomtakke by die dam kan die geluk in die harte tem nie.

Foto: B. K. Hellberg



Oosterhof het onlangs sy nuwe gramradio met groot geskal en gekostumeerde jolyt ingewy. Dit lyk nie bra of d'e donker held in die agtergrond (Cecile Schutte) in enigiets anders belang stel as in die handjie van d'e skone Frannie le Roux nie.

Foto: Fotokuns

Sleep word deesdae 'n gevaarlike speletjie

Die arme sleper; het nou nog iets om mee rekening te hou: die verkeerskonstabels. Om darem so sleep-sleep etlike rande beboet te word omdat jy langs jou sleepsel in die straat loop, is om enige ou en enige aster 'n paar maal te laat sluk.

Sleep gaan as gevolg van die verkeerskonstabels se skielike oordrewe pligsbesef 'n baie duur sakkie op die Puk word. Nou vra 'n mens jou af hoe op aarde so 'n verkeerskonstabel kan uitmaak dis twee mense en nie dalk een nie, veral nou in die winter met sy vroeë skemer.

RAAD

Al raad om die „lang arm van die geryg” te fnuik, is om agtermekaar te loop, maar dan is daar nou weer die gevaar dat mens van agtervolging of spioenasie verdink kan word en dan sal die sleperasies dalk vir negentig dae in die wiele gery word. Miskien kan slepers dit oorweeg om 'n fonds te stig waaruit „sleepboetes” in die-vervolg betaal kan word.

MISKENNING

Dit was onlangs Moedersdag. Gelukkig is daar ook 'n Pa's naweek (Paasaweek?) anders sou dit darem 'n onregverdige miskenning van die mangeslag gewees het.



Dit is die snit wat tel . . .

- * Alba Broeke
- * Mentone Pakke
- * Monatic Hemde
- * Battersby Hoede
- * Gregory Sokkies

J. Tod Suttie

Volledige Mansuitrusters en Sporthandelaars

POTCHEFSTROOM

Posbus 219 — Tel. 3411

Sportgeselsie deur Rydan

DIT is duidelik dat daar andermaal weer beroeringe aan die sportfront van ons Universiteit aan die gang is. Dit is nou eenmaal so dat daar jare kom wanneer net niks verkeerd wil loop nie, maar die teenoorgestelde blyk ook waar te wees.

Met die hokkieklub gaan dit nie te goed nie. Die rede moet egter nie by die klub gesoek word nie, maar by ons studentemassa. Hoeveel van die massa weet van die hokkieklub? Hoeveel jongmans en jongedogters wat die skool pas verlaat het en op die universiteit kom, neem aan sport deel? Op die Puk is dit beslis 'n klein persentasie. Dit is die rede waarom die hokkieklub sukkel. Hoe lyk dit met al ons studentevriende wat geen sport beoefen nie. Wil u nie so 'n klein bietjie opoffer soos wat u dan sodanig vir u akademie sal opoffer nie. Dit is tog ten behoeve van u Alma Mater en bo alles tot u eie voordeel.

GESONDE RUGBY

Alle eer aan die Rugbyklub wat geen steen onaangeroerd laat het om hulle prestige te herstel nie. Indien u dink dat alles verlore is oor die paar afgelope wedstryde van ons eerste-span, dan maak u 'n groot fout. Die manne is lig dog uiters beweeglik. Teen die swaar mynspanne kan ons nie verwag dat ons jongspelers, waarvan die gemiddelde ouderdom om en by 21 jaar is, die ou groot bulle moet kafdraf nie.

Moet egter nie vrees nie Puk-

kies, ons vyftien manne in die eerstespan gedra hulle uiters goed en speel soos van ouds.

Ek wil 'n voorspelling maak dat ons Intervarsity gaan wen, en dan bedoel ek wen. My rede is naamlik dat Theos se benadering vanaf die begin van d'e seisoen reg was en hooplik nog veel sal verbeter. Dink maar net terug aan die wedstryd teen Strathvaal.

So van Strathvaal gepraat, dit was verblydend om die groot aantal toeskouers langs die veld op te merk en dit het seer sekerlik nog meer bygedra tot die pragvertoning wat daar gelewer is.

Laat dit altyd so wees Pukies en nie net by Rugby nie, maar by al ons sportsoorte, dan sal ons gees weer aangenaam wees en ons weer genot uit ons sportaktiwiteite put.

DIE DAMES

Ek hoor nou die dag van die Maties en Ikeys se Rugbyintervarsity waarby slegs die skoner-geslag betrek was. Maties wen toe nog boonop met 12 — 0. Dit lyk soms asof die Maties nie tevrede is met net mans as Rugby-springbokke nie maar nou dames ook wil oplei vir die doel. Hoe lyk dit met die Puk-dames? Ek dink veral aan 'n lekker rugbyintervarsity tussen Klawerhof en Oosterhof, of sien Thaba Jäh dalk kans vir altwee tege-lyk?

Alles van dit beste tot volgende keer en geniet u spel terdeë.



Foto: Fotokuns

Dirk Bosman word deur Bossie Boshoff mat toe gebring tydens 'n oefening van die stoeiklub.

STOEIGREPE TANS OP HOË STANDAARD TOEGEPAS

Na deeglike herorganisasie, is die P.U. stoeiklub vanjaar besig om skitterend te vertoon, soos blyk uit die afgelope drie toernooie waaraan die span deelgeneem het.

FIKSHEID

Op 1 Mei het die span van die Pukke agt van die nege gevegte teen die besoekende span van Wits gewen. Hoewel die Witsies oor ervare stoeiers soos Gordon en Anderson beskik, het die groter fiksheid van die Pukke die deurslag gegee.

Dit is moeilik om uitblinkers uit te sonder, maar die geveg tussen Keith Gordon en Piet Goosen was van hoogstaande gehalte. Vroeër vanjaar het beide stoeiers goed gevaar op die Springbokproewe. Goosen het egter meer spoed aan die dag ge-

le en die geveg met punte gewen.

ONDERWYSERS

Op 7 Mei het die span van die Goudstadse Onderwyskollege teen die Pukke kom kragte meet. Ook hierdie toernooi is deur die Pukke met agt gevegte teen een gebuit.

Die groot toets vir die Pukke het egter gekom toe hulle op 12 Mei teen Normaalkollege Pretoria te staan gekom het. Hierdie toernooi teen N.K.P. het uiters spannend verloop en die Puk het net-net daarin geslaag om met sewe gevegte teen vyf te wen.

Pukke wen teen B.E.N.E.F.I.C.I.A.:

In 'n taai, opwindende sokker wedstryd het die Pukke daarin geslaag om die span van Benefica, wat verlede jaar een van die bobaasspanne van Wes-Transvaal was, met drie doele teenoor twee te verslaan.

Die Pukke kon aanvanklik nie hul voete vind nie, en die rustyd-telling was dan ook 2 — 1 in die guns van die Klerksdorpse span. George Steyn het vanaf die regtervleuel-posisie dié doel aange-teken.

Gedurende die tweede helfte was daar egter geen keer aan die Pukke nie en binne die eerste twintig minute het die vinnig Nap. Louw twee doele aange-teken. Hoewel die opponente hewig aangeval het, kon hulle nie deur die verdediging van die Pukke dring nie.

Hoewel albei die vorige twee liga-wedstryde verloor is, het die Pukke tog met eer uit die stryd getree. Teen die span van Western Reefs, wat oor die dienste van vyf Wes-Transvaalse spelers beskik, het die Pukke 4 — 2 verloor, en teen die span van Potchefstroom United slegs met drie doele teen twee.

I. GLASER

— JUWELIER —

VERLOOFRINGE:
AFSLAG
vir studente!!

Kerkstraat 187 Tel. 3622

Spaar By Volkskas

waar u geld

4%

op daaglikse saldo verdien en waar talle bankdienste kosteloos tot die beskikking van spaarrekeninghouers gestel word.

In 'n Volkskas-spaarrekening is u gelde Bank-veilig en u geniet al die voordele van 'n volledige bankdiens.

Open 'n spaarrekening vir uself, u vrou of u kind by Volkskas vandag.

VOLKSKAS BEPERK

(Geregistreeerde Handelsbank)

Hoofkantoor: PRETORIA



Op die foto verskyn die spelers van die Sokkerklub wat ingesluit is in die uitnodigingsspan wat 'n voorwedstryd speel vir die Grikwaland-Wes/Wes-Transvaal wedstryd. Van links na regs; Agter: Prof. A. Sorgdrager (Ere-President), Fanie du Plessis, Chris Coetzer, Piet van Vuuren, Mnr. Bakker (afriqter). Voor: Fanie van Wyk en Willem Botha. Foto: Fotokuns

Kruger Ontwikkel In Knap Speler

IN 'N HARDE en taai wedstryd het die eerstespan van die Puk op Woensdagaand, 12 Mei, hulle tweede neerlaag van die seisoen op die lyf geloop. Dit was egter eers in die laaste paar minute van die kragmeting wat Strathvaal daarin kon slaag om die telling van 16 — 5 in nulle guns te laat swaai.

Hoewel Strathvaal baie skoppe na die pale verbrou het, was die Puk baie ongelukkig om by 'n paar geleenthede nie daarin te slaag om punte te behaal nie.

Die Pukke het gespeel soos hulle lanklaas gespeel het en as die wedstryd moet dien as maatstaf vir die res van die seisoen gaan baie spanne aangenaam veras word. Met die vertoning teen Strathvaal het die manne andermaal vertroue ingeboesem vir die komende Intervarsity om nie eens van die wedstryd teen Dorp te praat nie.

BRILJANT

In die lynstane het Dave Tromp, die jong slot en kaptein van die Puk, 'n briljante vertoning gelewer en vir Piet Brandt en sy slotmaat lelik laat les opsê. Monty Jacobs het stewig vertoon op heelagter, en Eugené Kruger wat steeds beter spel lewer op loskakel, was deurgaans gevaarlijk. Daar is duidelik bewys gelewer dat die Pukke oor 'n baie gevaarlike agterlyn beskik mits hulle die bal vinnig ontvang. Dit is veral die twee vleuels, Van Wyk en Havinga

wat gedurig na werk gesoek het.

NETJIES

Die Pukke het eerste punte behaal toe Bennie de Klerk om die skrum geglip het vir 'n netjiese drie wat deur Andries du Plooy vervyf is. Net voor rustyd het Bo Jutronish vir Strathvaal drie punte behaal met 'n strafskop. Die rustydteelling was dan ook 5 — 3 in die guns van die Pukke.

Na rustyd het Strathvaal met hulle swaar voorspelers begin speel en die veel l'gter agtjal van die Puk het pragtig teruggeveg. Met die groot oorweging het Strathvaal in die laaste paar minute twee doele behaal deur Brand en Labuschagne onderskeidelik, wat hulle die oorwinning besorg het.

'n Groot aantal Pukke het die wedstryd bygewoon en 'n aangename gees het geheers op die pawiljoen. Ander uitslae was: Tweedespanne; Strathvaal 21, Pukke 6; derdespanne; Strathvaal 17, Pukke 5; en die vierde spanne; Pukke 54 Strathvaal 0.

JUDO BO-AAN LIGA IN WES-TVL.

Andermaal is dit weer die P.U.-judoklub wat die Puk se naam skouerhoog dra. Die eerstespan van die Judoklub sal vir die derde agtereenvolgende jaar die wenners van die liga in Wes-Transvaal wees, indien hulle met die Pote kan afreken, wat heeltemal binne hulle vermoë is.

In die B-liga is die tweedespan van die Puk ook los voor, wat beslis 'n uitstekende prestasie vir die klub is.

KRAGMETING

Tydens 'n onlangse kragmeting tussen Wes-Transvaal en die O.V.S. het die helfte van die Wes-Transvaalse span uit Pukke bestaan. Die wenpunte vir Wes-Transvaal is dan ook aangeteken deur die Pukke. Hier moet veral die naam van Thys Lourens genoem word, wat daardie aand skitterend vertoon het teen 'n veel swaarder teenstander.

In 'n onlangse ligabyenkoms teen Kodokan, het die eerstespan uitmuntend vertoon. Wanneer in aanmerking geneem word dat die opponente oor nie minder nie as twee swart gordels en drie bruins beskik het, is die vertoning nog merkwaardiger. Die eindtelling was 6 — 4 in die guns van die Pukke. Die eerste punte is aangeteken deur Maarten Roode en Steve van der Walt, en daarna het die puntestand gedurig gewissel, sodat spannende oomblikke geheers het.

WYS STAAL

Len Goodchild het 'n goeie geveg gehad teen 'n teenstander met 'n swart gordel, met wie hy dan ook gelykop geveg het. Soos gewoonlik het Willie van Aarde gewys van watter staal hy gemaak is deur met 'n ander „swart gordel" af te reken. In 'n taai, spannende stryd het Ponna Kruger daarin geslaag om sy geveg ook te wen.

Nege Pukke het ingeskryf vir die Wes-Transvaalse kampioenskappe op Saterdag, 15 Mei.

KLUB SLAAN PLUIM MET MENING

ONDER bekwame leiding van Paul Kruger, gaan die P.U. Pluimbalkklub steeds van krag tot krag. Die dames wat aanvanklik nie op stryk kon kom nie, het mooi reggeruk en speel tans puik pluimbal.

Die groot rede vir hulle steeds beterwordende spel is die goeie afrigtingswerk wat daar gedoen is sedert die begin van die seisoen. Onder die dames moet die name van Rosalie de Klerk, die ou staatsmaker nie vergeet word nie asook die nuwe opkomende geslag in die persone van Cora van Straten, Hendrika Swart, en Vredene Hay.

Wat die mans betref was dit uiters harde spel van Nico du Preez en die mooi posisionele spel van Johan de Wet en Pierre van Ryneveld wat telkemale die deurslaggewende faktore was. Onder die mans is daar ook etlike spelers wat steeds beter spel lewer. Die name van spelers soos Izak du Plessis, Marinus Kruger en Vaajtjie van der Merwe die bekende rugbyspeler, kan nie buite rekening gelaat word nie.

LIGA

Teen die huidige tempo be-

hoort die Pluimbalkklub onder die voorste klubs te eindig in die Wes-Transvaalse liga. Ook met die Interuniversitêre pluimbalkkampioenskappe kan die Pukke gerus dopgehou word en kan beide die mans- en damespanne vir 'n eersterangse verrassing sorg. Gedurende Junie-maand vind die Wes-Transvaalse kampioenskappe plaas en heelwat goeie prestasies van die Puk se kant, kan die lig sien.

JONGSTE UITSLAE

Tot dusver is daar in sowel die dames as die mansliga twee wedstryde gespeel en die uitslae was soos volg.

MANS: Teen Potch Katolieke wen die Puk 13 4.
Teen Ventersdorp wen die Puk 14 6.

DAMES: Potch. Katolieke; verloor Puk 8 1.

Ventersdorp wen Puk 11 7.
Bogenoemde wedstryde was slegs ligabepalings. Benewens dit het die Pukke ook met verskeie ander spanne waaronder H.O.K. in vriendskaplike botsings afge-reken.

Alle sterkte aan die jongste klub van die Puk en alle voorspoed verder in die seisoen.
SPORTREDAKTEUR.

TENNISPELERS OP EN WAKKER VANJAAR

GROOT belangstelling heers tans onder die tennis-geledere op die Puk, aangesien die P.U.-tennikampioenskap sy einde nader en verskeie bekende spelers alreeds uitgeskakel is.

In die geledere van die dames is Leen Dreyer en Louisa Joubert die gunsteling, maar sterk opposisie word verwag van twee eerstejaars, nl. Stella Venter en Susanne Aucamp. Eersgenoemde is die voormalige juniorkampioene van Oos-Transvaal.

Onder die manspelers is Dawie Smith vanjaar weer die gunsteling, en soos in die ver-

lede, kan hy die sterkste teenstand van Theo Malan verwag. Ook hier sal egter rekening gehou moet word met twee eerstejaars. Een van hulle, Piet Mitchell, vaar tans uitstekend in die Wes-Transvaalse kampioenskappe, en hy gaan beslis moeilik geklop word. Gerrit van der Schyff is 'n ander speler wat al naam gemaak het op die ten-

nisbaan, en behoort ook vir 'n verrassing te sorg.

REKORD AANTAL

'n Reekord aantal inskrywings vir die kampioenskappe is vanjaar ontvang, en daar sal 74 wedstryde gespeel word voordat die wenners aangewys kan word. Die tweede- en derdespanne van die mans sowel as die dames handhaaf 'n besonder hoë standaard, en die kompetisie gaan beslis sterk wees om 'n plek te kry in die Intervarsity-span.

Spesiale gelukwense moet gerig word aan Pieter van der Walt wat 'n plek gekry het in die Potchefstroom-span wat op 31 Mei op Ellispark gaan meeding om die



Foto: Fotokuns

Eugené Kruger, knap jong loskakel van die Puk se eerstespan wat deesdae uthaler rugby speel.

Die Wapad word gedruk deur Enslins, Potchefstroom. Eienaars en uitgewers: Die S.R. van die P.U. vir C.H.O.

AJAX

Boeke en Skryfbehoeftes
(Edms.) Bpk.
Tel. 6175 — Posbus 43
Kerkst. 159, Potchefstroom

Agente vir:

INNOXA
VITAMOL
COTY

Besoek ons uitgebreide
GESKENKAFDELING

DIE BULT-APTEEK

Tomstr. 88b & c — Tel. 5943

Ondersteun 'n Oud-Pukkie



„VLEISPASTEI en TAMATIESOUS asseblief . . ."

Turkstra

TE KRY BY U KAFETERIA